Beste ouers, personeel en leerders

Ons besef dat dit uiters belangrik is dat ons gereeld met u kommunikeer.

Die Onderwysdepartement ondersoek tans verskeie scenario's van hoe en wanneer om skole te heropen. Een so 'n voorstel is dat gr.12-leerders 6 Mei 2020 begin en die ander grade om die beurt elke tweede week terugkeer skool toe. Ouers moet ons asseblief die geleentheid gee om die amptelike dokumentasie van die Departement te ontvang en te prosesseer. Sodra die skool duidelikheid oor 'n betrokke saak het, sal u 'n volledige plan van aksie van die skool ontvang.

Dit het ook onder ons aandag gekom dat sekere ouers en leerders onder die wanindruk is dat huiswerk op die D6 School Communicator en ander platforms opsioneel is. Dit is egter glad nie die waarheid nie. Hierdie werk is verpligtend en sal baie druk verlig as die skool weer begin.

Baie dankie aan die ouers wat steeds skoolgelde betaal. Die betaal van skooolgeld is 'n statutêre vereiste soos die Onderwyswet dit daarstel.

Laastens, wil ons u as ouers gerusstel dat u kind se veilgheid Hoërskool Fichardtpark se hoofprioriteit is. Die skoolbestuur is reeds besig met die beplanning rondom u kind se veilgheid, as die skool heropen.

Dit is wonderlik, veral in hierdie tyd, om ons probleme aan ons Hemelse Vader toe te vertrou.

Fichie-groete

H vd Merwe
Skoolhoof